**Sondag,15 September 2024**
**Lentelofprysing**

**Keer terug, en jy sal vind by die Here ons God, is liefde, ontferming en lewe.**

*"Keer terug, Israel, na die Here jou God... Kom met julle woorde en keer terug na die Here. Sê vir Hom: 'Vergewe ons sondeskuld volkome...'*

*'Ek sal hulle afvalligheid genees, Ek sal hulle uit vrye wil liefhê. Omdat my woede teen hom bedaar het, sal ek vir Israel wees soos dou. Hy sal bloei soos 'n narsing, en wortels skiet soos die Libanon. Sy lote sal uitsprei; sy prag sal wees soos dié van 'n olyfboom...*

*Watter ooreenkoms is daar tussen My en die afgode?*
*Ek is die Een wat hom antwoord, en Ek hou hom in die oog.*
*Ek is soos 'n immergroen sipres – by My word jou vrugbaarheid gevind.'"*
(Hosea 14:2-3, 5-7, 9)

Ons het aan die einde van ons lees van die boek Hosea gekom, hierdie profeteboek met die kort en kragtige, vréémde en verontrustende klein gelykenis: God wat 'n profeet met die naam Hosea ("Hy red/verlos") stuur om met 'n prostituut te gaan trou, kinders te hê en ook haar "ander" kinders as sy eie te aanvaar – hul name Jisreël, Lo-Rugama en Lo-Ammi 'n hartseer herinnering aan die breuk wat tussen die volk en God gekom het (1:4, 6 en 9). *"Nie myne nie"*! Dit wat nét God aan mense gee en oorvloedig al gegee hét – liefde, sorg, gesondheid, voedsel, kleding, lewe – het Israel elders in die vrugbaarheids- en voorspoeds-kultusse van hul tyd in die land Kanaän gaan soek; by wyse van spreke, by "ander minnaars" (2:5). *"Sy het My vergeet"*, het die Here gesê (2:12), en erger nog, wéér en "wéér" (3:1). **"Love to the loveless"**, soos Derek Kidner se kommentaar oor die profeteboek Hosea getitel is; 'n verhaal uit die 8ste eeu voor Christus.

Vanaf hoofstuk 4 het ons gelees wat dié gelykenis beteken. Ten diepste het Israel God nie meer geken, só persoonlik, soos wat Hy Homself aan hul bly gee het nie (4:1, 6, 14; 5:4). Hul vrome voornemens om na die Here terug te keer, was so kortstondig soos 'n miswolkie voor die son (6:4); hulle't nie eers besef hoe ver hul weggedwaal het nie (7:9)! Dit was in hul landsomstandighede te sien (7:3-7); dit was in hul "mislukte buitelandse beleid" te sien (7:8-8:14) – *"Toe Israel sy Maker vergeet het, het hy paleise en versterkte stede gebou"* (8:14). Dit was miskien die duidelikste te sien in al hul godsdienstigheid, offers en nóg offers en nóg feeste ter ere van vrugbaarheid, voorspoed en vrolikheid, maar hul *"harte is vals"* (10:2); dit het net te veel geword, die tyd het uitgeloop. Tóg kon God nie opgee nie; *"My hart is diep ontroer, die deernis brand in My"* – want, Hy is God, *"nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde"* (11:8-9). God bly vashou aan hoe dit steeds kán wees (12:7). En só, tot in die slothoofstuk van die profeteboodskap, die uitnodiging en beloftes van God (14:2-3, 5 e.v.) wat bly weerklink oor die berge en dale van Palestina, en wêreldwyd sou uitkring, ook tot hier in ons eie binnekamer as gemeente, gesinne en individuele gelowiges: **"Keer terug, my kind, jy't gestruikel, maar word vergewe – God skenk nuwe lewe."**

Dít is ten diepste die wysheid wat Hosea wou deel, oor die betroubare pad van die Here.

**JL.**

Hartlik welkom by ons Lentelofprysingsdiens vanoggend gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, Elmien Thom. Welkom aan alle besoekers en families en vriende van die doopouers, en ook aan diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

**LITURGIE**

**Aansteek van Wydingskers**

**Stilte vir gebed**

**Wydingslied:** "Waar daar liefde is, en deernis" (Lied 526: Afr/Lat/Afr)

**Oproep:** **Liturg** – "Keer terug, Israel, na die Here jou God… (Hosea 14:2-3a)
Jy moet die Here jou God liefhê,
met jou hele hart en met jou hele siel
en met jou hele verstand.
En, jy moet jou naaste liefhê soos jouself… (Matteus 22:34-40)
Kom met julle woorde, en keer terug na die Here. Sê vir Hom: …"

**Gemeente** – "… Vergewe ons sondeskuld volkome, Here,
aanvaar ons belydenis;
niemand anders kan ons red nie;
ook nie ons eie handewerk nie;
net by U vind die vaderlose, ontferming." (Hosea 14:3-4)

**Verootmoediging:** "God is liefde! Juig ons harte" (Lied 334:1, 3, 2 en 4)

**Votum** (uit Hosea 14)

**Seëngroet**

**Lofliedere:** "Jesus, ons loof U!" (Lied 542:1 en 2) – sittend
"Bring lof aan die Vader" (Lied 205:1 en 2) - staande

**Kinderverhaal**

**Gebedslied:** "Jesus neem ons kleine kinders" (Lied 293:1 en 3)

**Die sigbare teken van God se liefde, ontferming en trou vir Liam Kymdell en Sion van Rooyen (en vir ons almal)**

**Dooplied:** "My enigste troos" (Lied 292:1 en ná 'n tussenpose, vs 2)
(terwyl ons sing, gaan die kleiner kinders, Voorskools tot Graad 4, na hul lokale)

**Skriflesing:** Hosea 14:2-10

**Verkondiging**

**Danklied:** "Psalm 23" (Dvorak – gesing deur Matildie Thom)

**Offergawe van liefde en dank**

**Slotlied:** "Aan U ons lof, o God" (Lied 458:1, 2 en 3)

**Seënbede en Amen**

**Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 15 Sept | 15:00 – Teol. std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – "Dr. Bert en Vriende!" Aand van Orrel- & instrumentale musiek en samesang – kom ondersteun ons Orrelfonds (sagte kollekte). |
| Sondag, 22 Sept | 09:30 – Ds. Jan Lubbe. |
| | 15:00 – Teol. std. Steve Popane (Sothodiens) |
| Sondag, 29 Sept | 09:30 – Ds. Johan Marais. |

**Ons Kategese vir die 3e kwartaal sluit vanoggend af en hervat op 6 Oktober 2024. Geniet die vakansiewekie!**

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 15 Sept | Frans Bothma, Jaco Jordaan en Chrissie Potgieter. |
| 16 Sept | Hannelize du Toit, Hanna Lubbe, Anna-Marie Neser, Rilani Pretorius en Willem Pretorius. |
| 17 Sept | Anika Cronjé en Lynette Mulder. |
| 18 Sept | Carli Klindt, Riana Nel en Phil van Rooyen. |
| 19 Sept | Larissa Snygans en Fanie van Jaarsveld. |
| 20 Sept | Ludwig de Jager. |
| 21 Sept | Heike-Louise Hechter, Joanita Rossouw, Cicilia v Heeerden en Marina Voges. |
| 22 Sept | Sandra Botha, Anra Faber en Philip van Wyk. |
| 23 Sept | Johann Jansen van Rensburg, Aldrich Kemp en Annetjie van Zyl. |
| 24 Sept | Frederick Fourie, Ramey Kruger, Pieter Lombard en Leon Potgieter. |
| 25 Sept | Johan Kok, Sakkie Matthee, Deon Naudé en Hendrik Swart. |
| 26 Sept | Pieter Botes, Tom Botha en Daan Potgieter. |
| 27 Sept | Jaco en Martin du Plessis. |
| 28 Sept | Corrie Hoffman, Velka Laubscher, Raaitjie Oosthuizen, Aneléh van de Wall en Chantel van Zyl. |

Ons hartlike gelukwense en bede om seën aan vandag se doopouers, Riaan en Madelein Kymdell en Martin en Daphné van Rooyen, en ook aan Dave en Helena Samuel met die geboorte van 'n kleinseun in Nederland! Ons sê ook geluk aan Hanno en Amber Rossouw met hul huweliksbevestiging verlede Saterdag (die seun van Albé en Joanita Rossouw).

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Grace de Goede (Serenitas 12, wyk 15a); Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a) en Tannie Corrie Bezuidenhout (Siësta, Wyk 10).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – slegs aanlyn hierdie week. "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 9e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir waarheid). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...

Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**

In September sorg **Wyke 15** (Serenitas & Gratias) en **16** (Kiepersol Area) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193). In Oktober kom Wyke 13 en 17 aan die beurt – dankie solank!

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 15 September: **Vrouelidmate.**

U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005**)

SnapScan

**BERG-EN-DAL KERMIS 2024**

Ons sê dankie: Dit was 'n mooi Vrydag, die voorafwerk, almal se bydraes, atmosfeer en ondersteuning op die dag. Baie dankie aan Adrie Hechter en sy Kermiskomitee, Marthina van Zyl, Pieter Wilken en terreinwerkers vir jul harde werk die hele week! Die voorlopige opbrengs is ± R ................................ Ons dank die Heer daarvoor.